10 Dae van Gebed – Dag 3
Onderwerp jou aan God

"Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is."
(Romeine 12:1)

Liewe God, maak ons instrumente van U liefde. Amen.

Dag 3 – Onderwerping aan God

Wat beteken onderwerping aan God?

- Laat God ons lewens en planne oorneem en daarvoor sorg.
- Laat Jesus toe om ons vry te maak van ons sonde – van woede, jaloesie, afguns, bakleierigheid, trots, moedeloosheid, en meer.

Ons Reaksie:

- Laat toe dat Jesus ons lei in alles wat ons doen.
- Maak aanspraak op Sy beloftes om ons te beskerm van die bose.

Bybelverse:

Romeine 6:13
1 Johannes 5:18

Ellen White se Raad:

"Diegene wat Christus op Sy woord neem en hulle siele in Sy bewaring oorgee, en hulle lewens om deur Hom gereël te word, sal vrede en stilte vind. Niks van die wêreld kan hulle droefgeestig maak wanneer Jesus hulle met Sy teenwoordigheid blymaak nie." (Die Koning van die Eeue, bl.335).

Liedere/Koortjies:

- Shout to the Lord
- Ek gee Alles oor
- My God is so Groot